
# WINDHOEK HOëRSKOOL

Reunie 2014

# NUUSBRIEF 9

**NOVEMBER / DESEMBER 2013**






## STAALTJIES

**NEELS COETZEE**

Ek sit so terloops en wonder hoeveel ander klasse het die Van der Graaff-ontwikkelaar in die skeinat klas by mnr Linow aangesit en dan skok die ding hom as hy daar verbyloop. Ek sal ook nie die dag vergeet toe hy te veel, ek vermoed lithium, in die glasbak met water gegooi het en daar so 'n effense ou ontploffingkie in die klas was nie. Water die tafel vol. Glasstukke wat rondvlieg. Hy het so wit as kan kom geskrik met roet of wat ook al swart was in die gesig. Wonderlike niksdoen klas gewees die dag met mnr Linow wat in een sin Afrikaans, Engels, Duits en kruietaal gepraat het.

**SAM VAN DEN BERG**

Ek onthou dat ons die oggend een Afrikaanse vraestel geskryf het en dat ek nogal vroeg daarmee klaar gespeel het.

Jacob Wasserfal Gouws ook (dit was seker maklik) en ons het summier besluit om goed van die breek tussen die vraestelle gebruik te maak.

Om een of ander rede is ons Okahandja toe en in die Hotel 'n paar biere gedrink. Ons was net betyds terug in Windhoek vir die middag vraestel.

Seker diè dat my begrip van Afrikaans so goed was of hoe Jacob??

WINDHOEK HOëRSKOOL
Reünie 2014
NUUSBRIEF 9






'n Baie geslaagde redenaarskompetisie is vandeesweek in die saal van die Hoërskool Centaurus gehou. Die wenner van die kompetisie was Fiona Stewart (tweede van links op die foto). Sy is van Centaurus. Die vier skole wat deelgeneem het, was die Hoërskool Centaurus, die Hoërskool Jan Möhr, die Hoërskool Windhoek en die Klooster. Die deelnemers v.l.n.r. is Anne Coventry, Fiona Stewart, Melanie Marais, Hilary Kuhn, Mariana Gerber, Riette Mudge en Annamarie Engelbrecht.

Die blondine kon nooit verstaan hoekom haar broer 3 susters het en sy net 2 nie...











# SOKKERBEKER VIER SAAM VERJAARSDAG

Ná 47 jaar was 'n gesogte trofee in Namibiese sport, die Dieter Kopp-beker, net vir 'n wyle terug by die skenker. Die geleentheid was verlede week die negentigste verjaarsdag van Dieter Kopp met 'n besoek deur sokkerlegendes om hom op die laaste skof na honderd voorspoed toe te wens. Dit gaan nog goed met hom waar hy nou in 'n oord vir senior burgers in Swakopmund se middedorp bly. Die beker is in 1966 vir sokker se onder 13-spanne geskenk. Die geleentheid is ondersteun deur juis die onder 13-span van die Swakopmundse sportklub SFC wat nou die houers van die beker is. Kopp self was op Swakopmund op skool en was die oudste oudleerling tydens die onlangse eeufeesvieringe van Namib High. Op die foto is die beker weer in die hande van Dieter Kopp (voor) met van die Namibiese sokkerlui wat hom op sy verjaarsdag verras het. Hulle is van links Klaus Linow, Herbert Lohmeier, Christian Kopp, Siggi Wagner en Hermann Volkmann. FOTO ERWIN LEUSCHNER.





## GATIEP!

Dominee: "Gatiep, hoeveel vroue dink jy moet 'n man hê?"

Gatiep: "Sestien, Dominee."

Dominee: "Hoekom sestien?"

Gatiep: "4 richer, 4 poorer, 4 better, 4 worse! "

**"GIVE THIS MAN A PAPSAK!"**














# Huldeblyk:

Rep 16/7/2013

## Stefanus Francois Coetzee

'n Gemeenskap het met skok verneem van die skielike heengaan van Mnr. Fanie Coetzee wat diep spore in die onderwys en harte van vele kinders in Namibië getrap het.

Hy begin sy onderwysloopbaan in 1963 as onderwyser by Grimiopsis Laerskool tot aan die einde van die eerste kwartaal, waarna hy na Eros Laerskool verplaas is tot aan die einde van die tweede kwartaal in 1966. Hy tree in 1965 in die huwelik met Annemarie Coetzee née Opperman. Uit die huwelik word twee seuns, Fanus en Johan, gebore.

In 1966 word hy deur die Onderwysdepartement na Otjiwarongo Hoërskool vir ses maande. Aan die einde van die jaar word hy terug verplaas na Windhoek Hoërskool waar hy Houtwerk doseer. In 1972 word hy aangestel as Koshuisvader van Huis Floreat.

Hy was vanaf 1983 betrokke by die Voortrekker Beweging van die destydse S.W.A. en later Namibie. Vir 'n groot deel van die tyd was hy die Hoofleier van die beweging. Sy liefde vir die jeug het hy op talle terreine uitgeleef.

Van 1976 tot en met die einde van 1983 was hy vakadviseur vir Houtwerk en Handwerk en het hy die land deurkruis. Aan die einde van 1983 het hy gevoel sy kinders het hom nodig en het hy aansoek gedoen vir die pos as skoolhoof aan die Sekondere Skool P.K. de Villiers op Keetmanshoop. Hierdie pos het hy tot sy aftrede beklee.

In 2009 roep die onderwys hom terug en raak hy weer betrokke by die Keetmanshoop Privaatskool as onderwyser in Tegniese Tekene en Ingeniersgrafika en Ontwerp wat hy tot graad 12-vlak aanbied. In 2011 tree hy op as waarnemende skoolhoof vir die jaar en dit was volgens sy vrou die hoogtepunt van sy loopbaan. Hy hou hom ook deurentyd besig met die boerdery en sy liefde vir skep met hout. Almal op Keetmanshoop het geweet van die Houtjie Outjie, soos hy bekend was.

Hy sou weer vanaf die tweede termyn se begin TT aangebied het by KPS, en het baie uitgesien daarna om sy oudste kleinseun te onderrig, maar hierdie voornemens is kortgeknip met sy afsterwe.

Hy het 'n groot passie gehad vir die gemeenskap se bejaardes en vir 16 jaar was hy Voorsitter van die Beheerraad van Ons Tuiste, die ouetehuis op Keetmanmshoop.

Sy gesin en kleinkinders was vir hom kosbaar en hy het nie net met sy drie kleinseuns en kleindogter baie geduld gehad nie, maar met elke ander kind wat hy in sy lang loopbaan in die onderwys onder hande gehad het.


Op 26 April 2013 het hy met vreugde uitgery na sy plaas toe, maar nie die voorreg gehad om terug te keer nie, nadat 'n swerm bye hom oorval het en hy nie oorleef het nie.

Fanie Coetzee het sy merk in die gemeenskap gemaak en ook in die harte van al sy leerlinge en sal verseker gemis word. Laat sy voorbeeld agter voortleef.

Die volgende is 'n gedig wat deur Marie Becker geskryf en aan hom opgedra is en dit vat baie ves van die mens wat ons sal onthou.

DM02013000522241MV







### Afsaal

Oom Fanie Coetzee het Afgesaal *1
Op sy plasie Huns vir die heel laaste maal.

Hy was 'n man wat jy kon staatmaak op
Die spreekwoordelike jukskei met die veel groter kop.

Al verloor hy sy vinger, noord in ons land
Skep hy pragtige houtwerk, met 'n halwe hand.

Toe kanker hom beetpak, het hy glad nie gaan lê...
Hy het die groot "K" die stryd aangesê.

Na jare in die onderwys, reg deur die land
Lê hy die tuig neer, maar bring steeds sy kant.

Hy help die Privaatskool toe hul leierloos raak
En kwyt hom, soos altyd, knap van sy taak.

Bewaker van sedes, dra hy die manél
Kan jy jou 'n kerkfunksie sonder Fanie voorstel?

Ook het hy die ratte ge-olie laat loop
By die Ouetehuis op Keetmanshoop.

So 'n vreemd-wrede einde vir 'n man so vroom,
Sou familie en vriende nimmer kon droom...


Toegetakel deur woedend klein wesens geheel-en-al
Hoploos te laat vir hulp of hospitaal
Het asemloos die dood hom ingehaal.

"Basfanie –Basfanie" *2 laat staan maar jou stryd
Die klok het gelui, die skool het gesluit."

*(*1. Afsaal verwys na die naam van sy plaas*
**2. Verwys na die tydperk toe hy Skoolhoof was by P.K. de Villiers. Die sokkerspan het hulself die naam Basfanie-Basfanie gegee as woordspeling op die Nasionale Sokkerspan van S.A. Bafana-Bafana.)*







# OORLEDENES

Mathilda Oosthuizen 10A
Gerda Wessels 10A



Diedrik Opperman 10B
Piet Taljaard 10C

Susan Schrader 10C
Elke Bender 10E
Estelle vd Walt 10F



Gideon Obbes 10F



Manfred Binding 10B

MADELE VENTER 10F
Geen Foto